View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# WYSBEGEERTE, KULTUUR EN TOEKOMS

## Inleiding

Dit is belangrik om in 'n bedeling waarin die mens hom aan die skouspelagtighede en die toekomsmoontlikhede van sy kultuur vergaap en daar vreesbevange oor raak, ook duidelikheid te verkry oor die funksies van die Filosofie in die huidige en verderstrekkende kultuursituasies.

Filosowe het die neiging om baie te praat en min te sê. Omdat ek maar 'n paar dinge te sê het, sal ek probeer om ook min te praat. Ek gee u 'n kort bloemlesing van my gedagtes oor Filosofie, kultuur en toekoms.

## 1. Filosofie

Filosofie het hoofsaaklik twee gedaantes: Filosofie as studievak aan die universiteit en filosofie as lewenskyk.[1] Filosofie en Wysbegeerte het dieselfde betekenis. Filosofie as 'n wetenskap naas andere kan ons ook Wysbegeerte noem. Hierdie Filosofie kan ons gerieflikheidshalwe met 'n hoofletter „F" skryf, terwyl filosofie met 'n klein letter „f" ons lewensbeskouing of lewens- en wêreldbeskouing kan aandui.

Ons is nie almal beoefenaars van die Wysbegeerte nie en ook daarom is nie alle mense Filosowe nie. Andersyds is elke mens 'n filosoof in die sin dat elke mens een of ander beskouing van en houding teenoor die lewe het. Dit is 'n naïewe alledaagse kyk op alles: God, wêreld, politiek, medemens, kultuur, wet, kennis, geld, geleerdheid, sport. Dit is 'n oortuiging wat ons vorm en opdoen in ons daaglikse konfrontasie met lewensprobleme, in ons omgang met die natuur, met mense en in ons opvoeding van moedersknie af. Daarvoor hoef ons geen lesings op universiteit te volg nie. Voordat ons Wysbegeerte begin bestudeer, het ons al 'n filosofie as 'n soort voorkennis omtrent alle bestaande en gewaande dinge.

Ons lewensfilosofie word in en aan ons lewenswandel gesien, in ons politieke dade, in ons onderlinge omgang met mekaar, in ons kuns, in ons kultuurprestasies. Dit is nie soos die Wysbegeerte 'n sistematies-metodiese naspeur van veronderstellings en die kritiese ondervraging van die vanselfsprekende nie — nee, die filosofie (met die klein letter) is eerder die formulering of uitdrukking van die vanselfsprekende in

die lewe en wêreld van so 'n persoon en sy gemeenskap. Wysbegeerte is 'n doelgerigte ontwerp ter sistematiese begronding en beredenering en omlyning van die plek en sin en verhouding van dinge in die lewe en die wêreld. Filosofie (met die klein letter) as 'n totaalreaksie van die mens op die werklikheid is wesenlik deel van die studieterrein van die Wysbegeerte.

Daarom sien ek dit as 'n taak van die Wysbegeerte om 'n studie te maak van die gestaltes van ons lewensfilosofie, ons lewens- en wêreldbeskouing in die kultuur met sy talle sektore. In die Kultuurfilosofie maak die Wysbegeerte 'n studie van die filosofie as leefwyse en as denkwyse binne die kultuur of binne 'n bepaalde kultuursektor. So is daar hedendaags byvoorbeeld die volgende filosofieë as „way of life" wat wag op teoretiese strukturering en ordenende interpretasie deur die Wysbegeerte: Calvinisme, kompromisme, materialisme, „permissiveness", provotarisme, humanisme, sekularisme, tegnisisme, indifferentisme.

In sy teoretiese benadering van die verskillende filosofieë as leefwyses en denkwyses in die kultuur tree die element van kreatiewe transformasie baie sterk na vore. Die oorsit van sy terrein van ondersoek in 'n begrippestruktuur geskied uit aandrif tot ontdekkende interpretasie van, tot omskepping van en tot begrypende omgang met die terrein van ondersoek.

Wysbegeerte sal nie slegs die ordelike samehange en verskeidenhede in die leef- en denkwyses definieer en sistematies noteer nie. As teoretiese sisteem beteken Wysbegeerte ook die konstruksie, die sintese, die positivering van nuwe ordelike samehange. Daar waar ons 'n lewensfilosofie tot veld van ondersoek maak, stig ons 'n sisteem in ons teoretiese aanwys van samehange en van verskille. Die Wysbegeerte hou dus nie sonder meer 'n kennisname van die lewensbeskouings in nie; die Wysbegeerte impliseer ook 'n ontplooiing, 'n omduiding van die lewensbeskouings. Ons wysgerige analises bring ook die verborge veronderstellings van ons naïewe ervaring en van ons wetenskaplike teorieë tot ontsluiting.

Ons het hierbo gesê dat Calvinisme as „way of life" ook wag op bestudering.

Dit beteken dat Calvinisme deur sowel die vakwetenskaplikes as die wysgere tot 'n sisteem gekalibreer moet word.

Die Calvinis onder Afrikanergeledere ondervind reeds dat Calvinisme as leefwyse voortstu na uitbreiding van kennis, na die ontginning van nuwe wetenskapsterreine. Tans kan ons aan die Calvinisme van die Afrikaner twee duidelike omlynde komponente onderskei, t.w. Calvinisme as praktyk en Calvinisme as sisteem. Die sisteem volg uit die praktyk.

#### Prognose 1

Met erns waag ek om te sê dat 'n nuwe dinamiek in die Calvinisme gaan kom waar doelbewus gepoog word om die Calvinistiese sisteem juis Calvinistiese praktyk te maak.

*Ten einde byvoorbeeld saam met ons jongmense treffende antwoorde op knellende lewensprobleme te vind, of ten einde effektiewe oorredingswerk te kan doen, sal ons voortaan ons lewens- en wêreldbeskouing op meer sistematies-verantwoorde wyse vir ons eie mense en teenoor andersdenkendes moet formuleer.*

Gesprek met andersdenkendes sal nie meer net uit die ongeskrewe voorwetenskaplike lewens- en wêreldbeskouing gevoer kan word nie. In die toekoms sal dit veelal moet geskied uit 'n wetenskaplike strukturering daarvan. En ons kan dít alleen doen as ons wetenskappe die inkarnasie van geloof en studie is, as ons wetenskappe verwerkliking en implementering van ons lewens- en wêreldbeskouing is.

#### 2. Kultuur

Ons het gestel dat die Wysbegeerte o.a. 'n studie maak van filosofieë in die kultuur. Maar die Wysbegeerte is self ook kultuur en die Wysbegeerte stig ook kultuur. Die woord „kultuur" wek deesdae oor die algemeen meer negatiewe assosiasie as positiewe beelde.

Koerante het dikwels berigte oor ons Westerse kultuur wat dreig om onder te gaan in misdaad en in oormaat, in onsekerheid en in oormoed.

Baie politici, kunstenaars, wysgere en teoloë is pessimisties gestem oor die toekoms van die mens, aangesien terreur en provotarisme en permissiviteit en onsekerheid en ongeloof in ons Westerse kultuur en beskawing die toon sou aangee. Diegene wat op die een of ander wyse iets van 'n goeie kultuur wil behou en uitbou, word al meer deur onverskilliges en sg.

kultuurveragters bespot.

Die 17e, 18e en 19e eeu het 'n optimisme oor die kultuur geken. Dis veral die eerste helfte van ons eeu wat boeke oor kultuurpessimisme en boeke met 'n ondergangstemming opgelewer het. Die tweede helfte van ons eeu ken oorwegend 'n rewolusionêre onverskilligheid teenoor die bestaande kultuur.

Hoe sien die Afrikaanse Jan Publiek deesdae die betekenis van kultuur? Vir baie hou dit verband met: skilderkuns, toneel, musiek, letterkunde, taal, volksfeeste, Rapportryers, volkspele en miskien ook met onderwys en ons geskiedenis. Maar vir diegene hou dit nie verband met die Noodhulpliga, welsynsorganisasies, dansklub, belastingbetalersvereniging, verkeer, landbou, kankervereniging, regspraak of dalk die politiek nie.

Die Engelsman sien kultuur gewoonlik só: dis die verfyning van sosiale gedragskodes; die beoefening en kennis van die musiek en ander kunste; 'n universitêre vorming — verkieslik aan Oxbridge. Sodoende word mens 'n „cultured person" wat dan aanspraak maak op die kwalifikasie „gentleman" en „lady".

## 2.1. *Kultuur en meer as natuur*

Kom ons let kortliks hoe die Calvinisme kultuur belyn. Etimologies dui kultuur, Latyns: *colere*, op versorging, omploeg, opkweek, bebou, versier, omvorm, aanbid.

Oral waar die mens besig is om in te werk op die wêreld en homself, skep hy kultuur. En steeds moet ons onthou dat kultuur ook daar ontstaan waar op bestaande kultuur ingewerk word. Kultuur ontstaan ook daar waar die mens kreatief en vindingryk omgaan met die natuur en die kultuur.

Kultuur is nie slegs 'n stryd teen of 'n oorwinning van die natuur soos Toynbee, Eksistensialiste e.a. wil nie. Kultuur is ook 'n eksploiteer en 'n ontplooi van die natuur. Die natuur geld ook as werkplek van die mens. Daarom is die teenstelling tussen die sg. dekadente kultuur en die sg. gawe natuur by kultuurpessimiste 'n valse teenstelling: die verlange na 'n louter natuurlike lewe teenoor 'n sedebederwende kultuur is steeds 'n kulturele verlange. Kultuur is ook omgang met en versorg van en selfs in baie gevalle 'n uitbreiding van die natuur — opdat mens en natuur des te glorieryker

aan hulle doel sal beantwoord.

Die inwerk op natuur, kultuur, mens, wêreld bewys dat kultuur nie net met die kuns of die taal te make het nie; kultuur het ook 'n nasionale en politieke en ekonomiese en tiese element. Die eerste hoofstukke van Genesis praat agtereenvolgens van landbou, veeteelt, aanroep van die naam van die Here, maak van wapens en musiekinstrumente. Kultuur is 'n gewoon menslike verskynsel en nie slegs iets van museums, kunstenaars, taalhandhawers en rykes nie. Kultuur verskyn binne die alledaagse menslike wêreld. Kultuur is nie iets vreemds aan die mens nie. En omgekeerd tree die mens ook in sy kultuur as *mens* na vore; hy vertoon hom as mens binne 'n kultuurwêreld.

2.2. *Kultuuraksie en kultuurprodukte*

Tot dusver het ons kultuur gesien as 'n daad van ombou, versorg, versier. Kultuur sluit ook die resultaat van die betrokke aksie in. Deur elke betrokke daad bring die mens iets tot stand. Kultuur is tegelyk 'n teken van die mens se antwoord op God se roepstem om Hom te dien en dit is ook die resultaat van die diene. Kultuurgoedere soos boeke, 'n graaf, die bank, 'n vulpen hoort wesenlik tot kultuur. „Wat bedoelen we als we spreken over de Griekse, de Hellenistische, de Romeinse cultuur? We denken dan aan de resultaten van culturele activiteit bij een bepaald volk in een bepaald eeuw. Deze resultaten liggen niet in èèn sector. Ze behoren tot het artistieke, wetenschappelijke, wijsgerige, economiche, staatkundige, etc. leven. Ze staan niet los van elkaar. Er is samenhang, zodat we kunnen zeggen, dat zulk een cultuur eigen gelaatstrekken vertoont, onderscheiden van de trekken van een andere cultuur. Elke tijd heeft zijn eigen maatschappelijke, politieke, wijsgerige, wetenschappelijke vragen en aandriften. En elke tijd komt met een zeker geheel van antwoorden op die vragen, die min of meer samenhangen en verwantschap vertonen. Dit alles maakt het zinvol van culturen te spreken, die historisch en geografisch bepaald zijn en een typerende geesteshouding tot uitdrukking brengen".[2]

2.3. *Kultuurbestemming, sondeval en verlossing*

Vir die Skrifgelowige is die eer van God die bestemming

van kultuur as daad en as resultaat. Ons mag nie by die aksie en die resultaat bly staan en dié verabsoluteer nie. Met ons dade en ons bousels moet ons God aanbid, nié die mens of sy tegniek of sy kuns nie. Ons kultuur moet die karakter dra van goeie werke, dit wil sê werke verrig uit dankbaarheid vir die verlossing in Christus.

Die sondeval het die kultuur op talle fronte verderf. Die bestemming van kultuur is menigmaal weg van God gerig sodat die heerlike Naam van God die Here dikwels met 'n vloek of met die naam van die mens vervang word; die heerlike roeping word dikwels 'n lastige plig; die skone arbeidsveld word vol dorings en distels en spanninge.

Die Christen mag sy kultuurstryd en sy kultuurprestasies in die perspektief van sy roeping as verloste sien en ook as onvermydelike taak op die weg van heiligmaking.

Die moderne kultuur is ook moontlik op grond van die verlossingswerk van Jesus Christus. Menigmaal buite eie wete en erkenning om, bou die mens die aarde om tot bewoonde aarde, versorg hy plant en dier en medemens. Al hierdie sake is „tekenen van de verlossing, dat is de verzoening van de schepping met God door het werk van Christus, zodat deze weer op de weg van haar bestemming zou komen".[3]

Natuurlik sal die toekomstige kultuur — ook van die Afrikaner — nog die tekens van afval in hom vertoon. Alle kultuur — ook van die Afrikaner — het sy positiewe en negatiewe kenmerke; dit is 'n interaksie van opponerende tendensies. „But this fact does not imply that there are two separate co-existent cultures. They are moments of one cultural development; completion, acquisition and demolition".[4]

**Prognose 2**

Elke tyd het en verkry grotendeels die kultuur wat die mens uitwerk. Sit ons vroeg tot laat en lamenteer — dan kry ons 'n klaagkultuur. Is ons as Christene nie dalk geneig om alles in die wêreld, wetenskap, mode, ekonomie, ontspanning, maanlanding, hartoorplanting te veroordeel sonder om die feit van die verlossing in al die dinge raak te sien nie? Waarheen beweeg ons kultuur? *Omdat die God-gerigte-bestemming verlaat word, stuur ons kultuur af op 'n toestand waarin die verskillende kultuursektore hul bestemming binnewêrelds in*

*een van die sektore self vind.* In die plek van die desakralisering, die ontmitologisering, die ontwyding, die ontgoddeliking van die kultuur tree dan 'n vergoddeliking of verabsolutering van 'n bepaalde kultuursektor.

*Ons sien dit as 'n toekomstaak van die Christen-Afrikaner dat hy die natuur, kultuur, samelewing, wetenskap, taal, kuns, spel, sport, kleding en so meer uit 'n ander binnewêreldse lewensbeginsel sal betrag: uit Jesus Christus wat as die Heerlikheid van God in hierdie wêreld gekom het. Daarom het ons nie behoefte om die een kultuursektor in terme van die ander te verklaar nie.* Daarom soek ons wel na vervlegtinge en onverbreeklike koördinasies, maar ons herlei nie die verskeidenheid van lewensuitinge tot mekaar nie.

Laat die Christen-Afrikaner ook dít as 'n toekomsroeping sien: om sake in die kultuur te koördineer op basis van die andersheid en uniekheid en onherleibaarheid van daardie kultuursake.

### 3. Toekoms

Daar is talle soorte filosofieë oor die toekoms in omloop: bv. die positivistiese, kommunistiese, eksistensialistiese en pragmatistiese. Vir ons is dit sinvol om oor die toekoms van ons kultuur te spreek, en wel uit die volgende gesindheid:

Ons bemoeienis met die toekoms is nie die van 'n spekulatiewe voorspelling van komende gebeure nie. Dis eerder 'n aftasting en uitwerking van die voelbaarheid, van die aanwesigheid van die tekens van die toekoms. Bemoeienis met die toekoms moet 'n alledaagse verantwoordelikheid wees. Elke dag se doen en dink is reeds 'n willige of onwillige bemoeienis met die toekoms. Die toekoms is min of meer ook in elke dag se praktyk voelbaar; maar ons kan dit nie eksakt voorspel nie, want dis geen onverbiddelike konsekwensie van die hede of verlede nie. „. . . one thing is certain: the future cannot be let alone. To be concerned with it, is the essence of life. We buy refreshments because of expected company; we plan to expand our business or to let our child attend school".[5]

Ons wil die toekoms dus nie fatalisties sit en afwag nie of spekulatief probeer ontsyfer nie of humanisties probeer determineer nie.[6] Ons verdiskonteer die toekoms deur ons

daaglikse daadwerklike getrouheid aan ons roeping ooreenkomstig gawes, omstandighede en duidelikhede. Ja, selfs die fatalis of die spekulativis of die positivis is magteloos, kan nie die toekoms onaangeraak laat of voorspel of determineer nie. Ten diepste is hulle almal teen eie insig en bedoeling in besig om aan hul toekoms te arbei.

**Prognose 3**

Wat moet die Christen-Afrikaner se houding in die toekoms ten opsigte van kultuur wees?

Saam met so baie Calvinistiese wetenskaplikes onderskei ons die volgende moontlikhede:

*Verset teen kultuur as iets boos.* Dié houding is egter tevergeefs en foutief en skep in sy verset self 'n kultuur.

*Aanpassing, toegewing en kompromie ten opsigte van die heersende kultuur.* Ook dié houding is foutief, veral omdat dit vergeet om positief self aan die werk te spring en verkeerdelik meen dat vernuwing kom deur toegewings.

*Afsondering van die heersende kultuur.* Dit kan hoogstens in uitsonderlike omstandighede die aangewese houding wees en is te eng om as basis van algemene optrede te dien, aangesien dit ons roeping is om ook 'n soutende sout vir die heersende kultuur te wees.

*Afstand doen van enige Christelike aksie buite die kerk deur slegs te evangeliseer.* Só 'n houding antesipeer 'n tyd wat nog nie daar is nie en verder is dit ons oortuiging dat 'n Christelike aksie juis die ander terreine help evangeliseer.

Laat ons in deemoed, in bewoëndheid en in hoop 'n toekomsverwagting koester op grond van 'n vrese des Heeren, 'n beperkte kennis van die verlede, van die hede en van die uiteindelike doel van die menslike kultuur.

P. G. W. du Plessis.

R.A.U.

---

VOETNOTE

1 Vgl. Du Plessis, P. G. W.: *Filosofie binne en buite die universiteit.* Randse Afrikaanse Universiteit-publikasiereeks, A10, Johannesburg, 1969, bls. 8 e.v.

2 Popma, S. J. in: *Christelijke Encyclopedie,* deel II, tweede druk, Kok, Kampen, 1957, sub voce: *cultuur.*

3 Van Riessen, H.: *De invloed van de twintigste eeuwse cultuur op*

*de kerk.* Internasionale Raad van Christelijke kerken, Amsterdam, 1961, bls. 3—4.

4 Van Riessen, H.: *The society of the future.* The Presbyterian and Reformed Publishing Co., Philadelphia, 1954, bls. 31—32.

5 *Ibid,* bls. 18.

6 Contra Polak, F. L.: *Prognostica,* deel I & II, Kluver, Deventer, 1968.